



Bewaringshoekie

Waldo Jordaan is 'n natuurbewaringsstudent van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in George. Hy is nou intern by die Wolwekraal Natuurreservaat en Renu-Karoo kwekery as deel van sy derde jaar prakties. Hy stel veral belang in ekologie, geologie en weerkunde.

Jou tuin as 'n ekologiese reserwe in tye van droogte

Die inwoners van Prince Albert, veral die individue wat al vir 'n geruime tyd in die dorp gevestig is, sal van die volgende kan getuig - die afgelope paar jare was aansienlik droër in vergelyking met die vroeë 2000's.

Rëenval opnames dui daarop dat die omgewing die afgelope vyf jaar 'n jaarlikse gemiddelde rëenval van slegs honderd millimeter ontvang het. Wetenskaplike navorsers wat reeds vir jare lank plantopnames neem op omliggende reservate en plase is angsbevange. Hulle beskryf hierdie langtermyn-droogte as absoluut ramspoedig en eeu-oue plante is besig om teen die spoed van lig te sterf. Plante is nie alleen nie, talle insekte, voëls en soogdiere word ook beïnvloed.

Die doel van hierdie artikel is nie om te hammer op dit wat ons as 'n gemeenskap nie kan help nie. Nee, die doel van hierdie artikel is om 'n saadjie van hoop te plant. Ek wil elke inwoner van ons beeldskone dorp aanraai om 'n klein, maar belangrike verskil te maak. 'n Verskil wat in jou eie tuin begin!

Ons as mens is geskape met die vermoë om die omgewing te lees en te verstaan, soos geen ander lewende wese op ons planeet aarde nie. Ons is verder geskape met die vermoë om onbewoonde en onvrugbare gebiede te verander na iets wat lyk soos 'n paradys. Daarom is dit ook ons verantwoordelikheid om in te spring en te help in tye van nood.

'n Mens se tuin funksioneer so te sê soos 'n ekosisteem buite in die veld. Dit bestaan uit verskillende plant spesies wat water en sonlig vereis om te bly voortbestaan. Daar is verder verskeie insekte asook voëls wat hierheen kom om nektar, stuifmeel, vrugte en saad te eet. Sodoende help hierdie organismes om blomme te bestuif en sade te versprei na omliggende gebiede. Die enigste verskil tussen jou tuin en die natuurlike ekosisteem buite in die veld is dat jou tuin nie geheel en al oorgelaat is aan moedernatuur se genade nie. In plaas van moedernatuur, word tuine se toegang tot water asook die gehalte van die grond bepaal deur die wat eienaarskap daarvan neem. In ander woorde, 'n tuin het die potensiaal om meeste van 'n natuurlike-ekosisteem se funksies uit te voer in tye van droogte.

Gedurende tye soos ervaar word in die hede, waar dae warm is, rëen skaars is en biodiversiteit drasties afneem, kan jou tuin dalk net die wêreld se verskil maak. Glo my, tuine wat bestaan uit inheemse plantspesies, eg aan die bioom waarin jy gevestig is mag dalk een van die mees effektiëste metodes van bewaring wees.

'n Tuin wat uit spesies bestaan, inheems tot die Prince Albert gebied is nie net soos die engelse sê "waterwise" nie, oh nee, dit strek baie verder as dit. Jou tuin sal 'n tydelike ekologiese plaasvervanger word, 'n rol wat baie mense glo slegs buite in die ongeraakte natuur plaasvind. Kort na dat jou inheemse plante gevestig is, sal verskeie veranderinge geobserveer word. Eerste van alles, talle verskillende tipes goggas soos motte, skoelappers, besies en bye sal daagliks hul opwagting maak om nektar, stuifmeel en plant materiaal te eet. Verder sal jy ook 'n aansienlike toename in die diversiteit van plaaslike voëls in jou tuin kan gewaar.

Oor die algemeen, sal blomme wat redelik baie stuifmeel produseer meestal besies, kewers, bye en vlieë aantrek. Blomme wat nektar produseer is weer ideaal vir skoelappers, verskeie mier spesies asook 'n verskeidenheid van voëls (suikerbekkies onder andere). Organismes wat nektar en stuifmeel eet, speel die rol van die bestuier en sorg dat plante uiteindelik vrugbare saad kan produseer. Die volgende stap in die ekologiese ketting behels die proses van saad-vorming asook die verspreiding daarvan. Saad word hoofsaaklik versprei deur miere, voëls asook soogdiere en baie belangrik, die sterk na-middag wind.

Die volgende stap van saad-vorming en die verspreiding daarvan is van kardinale belang en in my opinie, die belangrikste aspek van die hele proses. Vetplante en ander droogtebestande plant spesies het oor honderde jare ontwikkel, dus is hulle aangepas om soortvan beskut te wees teen tye van droogte. Alhoewel ouer plante kan sterf tydens kort termyn droogtes, kan hul saad vir 'n goeie paar jaar vrugbaar bly deur dormant te verkeer in ondergrondse saadbanke. Die probleem is egter wanneer 'n kort termyn droogte omskakel na 'n langtermyn

volg op bl. 27/...

droogte en die saad-reserwes onvrugbaar word soos tyd aan stap. Dit beteken dat generasies se plant spesies tans op die punt van uitwissing staan, selfs al sou die droogte gebreek word in die volgende jaar of twee. Die feit is, die saad-reserwes in die natuurlike omliggende veld is al vir so lank droog, dat die oorgrote meerderheid baie min waarde dra. Ongelukkig, beteken dit dat die veld moontlik vir honderde jare die letsels van die huidige droogte sal dra.

As jy jou eie tuin so inrig dat daar selfs net 'n handjie vol verskillende inheemse spesies hul ekologiese rol kan vervul, sal jy inderdaad 'n bydrae maak tot die grootskaalse bewaring van ons wêreld-bekende biodiversiteit. As jou plante saad vorm, sal die sterk middag-wind die saad self versprei tot in die omliggende gebiede (soortgelyk aan hoe plastiek sakke en rommel die veld ingewaaai word). Hierdie saad word vasgevang in droë rivierbeddings, gras bolle, dooie takke, aardvark gate asook rots skeure en sal sodoende die natuurlike saadbanke aanvul. Nie net sal die natuurlike saadbanke aangevul word met die saad van bedreigde plant spesies nie, maar talle organismes sal uiteindelik weer 'n bron van voedsel ontvang.

Ek wil elkeen van die dorp se inwoners aanraai om uit te reik na die naaste kwekery vir verdere informasie. As elkeen slegs 'n klein bietjie moeite doen, belowe ek jou jy sal dit tien maal duisend keer terug ontvang. Ons is geseënd om in die beeldskone dorp te kan woon, daarom is dit ons verantwoordelikheid om in te spring en te help in tye van nood.

Sien gerus die volgende gids van plant spesies wat 'n aansienlike bydrae tot hierdie kwessie sal maak:

- Karooboerboon (*Schotia afra*) vir voëls
- Soetdoring (*Acacia karoo*) vir voëls en bye
- Ankerkaro (*Pentzia incana*) vir skoenlappers, motte, hottentotsgot asook grond bedekking
- Spekboom (*Porticulara africana*) vir algeheel beskerming teen die son
- Wolwedoring (*Lycium oxycarpum*) vir suikerbekkies, muisvoëls en bonthoutkappers
- Vygies vir bye, kewers en ander insekte ■




Karooboerboon (*Schotia afra*)



Ankerkaro (*Pentzia incana*)



Wolwedoring (*Lycium oxycarpum*)



Wolwedoring Blom (*Lycium oxycarpum*)



PRINCE ALBERT
GARDENING SERVICES
garden rescues | garden maintenance

MORE THAN A GARDEN SERVICE

- ☑ Lawn mowing
- ☑ Pool Maintenance
- ☑ Flower and veggie bedding maintenance
- ☑ Hedge cutting
- ☑ Cleaning of Gutters
- ☑ Cleaning of stoops and walkways

FEATURES

- 2x gardeners per service
- We provide our own Gardening tools and equipment
- Free pool ph level testing

Terms and Conditions apply

Contact Shaun Skaarnek on 0718961325 for a free quote